

Susan Carstens

Wordworks se gewilligheid om die Skool Maatskaplike Werker by hierdie program te betrek, dui op Visie vir bemagtiging van ouers deur alle moontlike rolspelers. As maatskaplike werker is ek gedurig besig met navorsing en het ek potensiaal in die program gesien om ondersteunend en voorkomend aan te wend by oerleiding programme met 'n definitiewe uitkoms. Die ouers se gesindheid en betrokkenheid by die kinders bou verhoudings wat terapeutiese waarde het, omdat ouers bemagtig word met selfhelp- en ouerskapvaardighede. Vanweë die ouers se bemagtiging werk die program voorkomend op 'n magdom latere potensiele maatskaplike krisisse en probleme. Die multi-dissiplinêre spanbenadering is 'n wen-wen situasie binne die streek, omdat ouers hul kinders skolasties kan ondersteun en potensiele skolastiese agterstande kan help verminder of heeltemal uitwis.

My passie om mense te help en te ontwikkel, vuur my entoesiasme aan om die program binne die hele Kring 5 te implimenteer(droom groot), want as maatskaplike werker wil ek ouers as eerste onderwysers benut om alle skole tot hulp te wees en verantwoordelikheid vir hul kinders te aanvaar. Dissipline word noodwendig versterk as ouers verstaan om op skedules en beplanning binne hulle huishoudings te werk, want dissipline begin tuis! Vir my is dit belangrik dat Kring 5 se skole op aanbeveling van die Skool Maatskaplike werker (SJ Carstens) en Curriculum Adviseur (AM Cloete) die inisiatief geneem het om na ouers uit te reik en nie net op kinders te fokus nie, maar die waarde van voorkoming, ondersteuning en bemagtiging van ouers te besef. Ouers se ontwikkeling is fenomenaal en hul is gretig om te ontwikkel, omdat ouers wat die program voltooi het, met lof praat oor die verbetering van hul kinders se skolastiese prestasies, en die rimpel-effek lei tot meer betrokke ouers by die program.

Ek het geleer dat maatskaplike werk tegnieke is relevant tot die program bv.: Gestalt-terapie, Kognitiewe gedragsterapie, Sirkel van Hoop en ook narratiewe beginsels (storie-vertelling) kom voor in die program. Die material wat verskaf is kon ek effektief aanwend binne speltherapie. Die raamwerk waarbinne 'n verhaal vertel word en ontvou kon ek bv gebruik as deel van terapie-sessies omdat daar 'n spesifieke struktuur voorgestel is. Praktiese hulpmiddels en voorstelle vir herwinbare materiaal bemagtig ouers tot hulp en ondersteuning aan kinders met skoolwerk en hul tuiswerk. As skool maatskaplike werker ondersteun ons LITNUM. Ouers as eerste onderwysers funksioneer volgens die bepalings van die Kinderwet omdat die ouer as primere versorger die verantwoordelikheid het om aan hul kinders alle moontlike geleenthede te gee om gelukkig te wees, te groei en te ontwikkel. (Hoofstuk 3 van die Kinderwet 28 van 2005 – Parental responsibilities and Rights) Die belangrikste wat ek geleer het is dat alle professionele persone multi-dissiplinêr kan saamwerk, omdat geïntegreerde dienslewering die hele sisteem ondersteun.